# Antwoorde op Gereelde Vrae

**1. Hoe dikwels vind KANSA Shavathon plaas?**

Shavathon vind eenkeer per jaar plaas. Die datums vir 2016 is 29 Februarie - 4 Maart (werksplekke), 27 Februarie vir openbare geleenthede en 28 Februarie by sekere uitgesoekte plekke. Dit is ons 13de jaarlikse KANSA Shavathon geleentheid. Kom vier dit saam met ons om dit die beste Shavathon ooit te maak! www.shavathon.org.za

**2. Hoe het Shavathon ontstaan?**

Die eerste Shavathon is in 2003 in die Oos Kaap aangebied as 'n manier om solidariteit en ondersteuning vir kankerpasiënte te wys, omdat die verlies van hare 'n algemene newe-effek van kankerterapie is. Sedertdien word Shavathon op nasionale vlak aangebied. As bewys van hul ondersteuning, skenk deelnemers 'n fooi wat hulle betaal om hulle hare te laat skeer of met gekleurde haarsproei te laat spuit. Sekere mense verkies prettige stensils om hul hare te laat sproei van 'n kankerlint, afdrukke van die voetspore van diere, voetafdrukke, handafdrukke, 'n teddiebeer of 'n byderwetse dieremotief. Deelnemers se donasies of skenkings word deur KANSA gebruik om 'n diens aan die publiek en aan almal wie se lewe deur kanker geraak word, te lewer.

**3. Wat kan jy verwag in 2016?**

- **'n Volle week vir maatskappye en werksplekke**

Dit is 'n week van skeer en sproei – 'n volle week waarin maatskappye en werksplekke die gashere van 'n Shavathon geleentheid kan wees – van 29 Februarie - 4 Maart 2016. Registreer op www.shavathon.org.za om voorraad te bestel. Die publiek kan op Saterdag 27 Februarie deel wees van die Shavathon pret by hul naaste winkelsentrum. In sommige streke waar daar 'n groot toeloop is, word Shavathon ook op Sondag 28 Februarie aangebied – besoek asseblief die webwerf om uit te vind waar en hoe laat Shavathons gehou sal word.

- **"Wrap" dit met 'n KANSA "Wrap"**

'n Prettige en byderwetse manier om betrokke te wees by Shavathon 2016 – koop 'n KANSA "wrap" vir R30. Dit is beskikbaar in 'n verskeidenheid van kleure: http://www.cansa.org.za/cansa-wraps/

- **Word ‘n Aanlyn Kampioen vir Shavathon 2016 en wen pryse!**

Teken jou maatskappy aan op die Shavathon webwerf as ‘n Shavathon Aanlyn Korporatiewe Kampioen of skep jou eie korporatiewe interne projek: individuele werknemers of verskillende afdelings en takke kan inteken as aktiviste. Jy kan ook jou eie rekening vir fondsinsameling skep en ander werknemers uitdaag om jou projek te ondersteun. Jy kan ook werknemers se bydraes monitor en hulle aanmoedig om meer te skenk. Daag ander maatskappye uit om te sien wie die meeste fondse kan insamel. Skenkers kan jou organisasie se projekte volg en sien hoe die projekte vorder. Skenkings word gedoen op ‘n veilige fondsinsamelingsblad. Individue en vrywilligers kan ook hulle eie persoonlike bladsy vir fondsinsameling skep – stel jou eie profiel vir aanlyn fondsinsameling op; skryf ‘n kort oorsig oor die doel van jou projek en verduidelik waarom mense jou projek behoort te ondersteun en te borg. Nooi al jou vriende, kollegas, werknemers en familielede uit om die groei van jou poging om fondse in te samel op jou bladsy te besigtig en vra vir almal van hulle vir skenkings. Hou jou projek oor jou fondsinsameling gereeld op hoogte – gebruik foto’s en video’s op jou bladsy om dit op te kikker en hou jou vordering dop.
Daar is talle pryse wat gewen kan word deur Aanlyn Kampioene wat die meeste geld insamel.

**4. Hoe word ‘n Shavathon in die werkplek gedoen?**

Talle werksplekke, organisasies en opvoedkundige instansies besluit om self die gasheer van hulle eie Shavathon te wees om sodoende bewustheid te skep en om fondse vir die stryd teen kanker in te samel. Om die gasheer van ‘n Shavathon te wees, is ‘n wonderlike spanbou-ervaring en baie maatskappye neem KANSA Shavathon aan as hulle projek vir hul Korporatiewe Sosiale Belegging. Dit vind plaas gedurende die week van 29 Februarie – 4 Maart nadat Shavathons by winkelsentrums op 27 Februarie aangebied word. Werknemers neem deel aan ‘n Shavathon in die werksplek en hulle nooi dikwels diensverskaffers, kliënte en vriende uit om deel te neem. Die aangewese personeellid betaal die verbintenisfooi tot deelname aan Shavathon aanlyn, plaas die bestelling van KANSA materiaal vir Shavathon aanlyn, tree op as gasheer of gasvrou van die geleentheid en na afloop van die Shavathon aanbieding word die fondse oorbetaal aan KANSA. Baie maatskappye skenk dieselfde hoeveelheid geld as wat die werknemers ingesamel het om hierdie geleentheid nog ‘n groter hupstoot te gee.
http://www.shavathon.org.za/2014/06/23/gallery-corporates-organisations-2014/

**5. Hoe werk Shavathon by Winkelsentrums?**

Lede van die publiek gaan na hul naaste inkopiesentrum om hulle hare te laat skeer of sproei vir ‘n donasie van R50. Hulle kan ook ‘n KANSA “wrap” teen R30.00 elk koop. Kinders jonger as 12 betaal ‘n donasie van slegs R25. Mense wat wil deelneem, registreer eers, teken ‘n vrywaringsvorm en betaal dan die bedrag wat verskuldig is voordat hulle hare geskeer en/of gesproei word. Die duur van die proses is tussen 15 en 60 minute afhangende van hoeveel mense die geleentheid bywoon en hoeveel mense se hare geskeer of gesproei moet word. Shavathons by winkelsentrums open van 09:00 en sluit om 15:00. Dit kan gebeur dat die tydperk tot 16:00 verleng kan word. Probeer dus om so vroeg as moontlik by die winkelsentrum te wees om teleurstelling te voorkom. (Sommige streke mag ook ‘n Shavathon op Sondag 28 Februarie aanbied. Besoek www.shavathon.org.za om te sien waar Shavathons (veral op die Sondag) aangebied sal word).

**6. Borgtog-fooi**

As jy nie in staat is om jou hare by jou werksplek of by ‘n winkelsentrum te laat skeer of sproei nie, kan jy ‘n fooi betaal wat as borgtog dien. Maak ‘n minimum donasie van R50 aanlyn – besoek www.cansa.org.za en klik op KANSA Shavathon. Klik dan op fooi vir borgtog of ‘bail-out’’: http://www.shavathon.org.za/bail-out/. Jy kan ook deelneem aan plaaslike Shavathons in streke waar dit regdeur die jaar aangebied word. Kontak jou naaste KANSA Sorgsentrum om uit te vind wanneer die volgende Shavathon aangebied word. http://www.cansa.org.za/cansa-care-centres-contact-details/

**7. Word die hare wat by Shavathons afgesny word, gebruik om pruike te maak?**

Slegs hare wat langer is as 25cm word gehou – die ander hare word weggegooi. Hare wat gekleur of gebleik is, kan ook geskenk word, maar hare wat skoon gewas is en vry is van chemiese behandeling is meer geskik omdat dit ‘n pruik van beter kwaliteit sal lewer. “Dreadlocks” kan nie gebruik word nie. Om hare te skenk, moet jy die volgende doen: was jou hare en maak dit droog. Moenie gekleurde haarsproei op jou hare spuit nie. Bind jou hare met ‘n rekkie in ‘n poniestert vas en sny dit af met ‘n skêr. Probeer om die poniestert in een stuk te hou. Plaas hare in ‘n plastiese sak wat geseël word. Skryf jou naam, van en kontakbesonderhede duidelik sigbaar op die plastiese sak. Plaas hare in ‘n koevert en pos dit aan: KANSA Hoofkantoor, Posbus 2121, Bedfordview, 2008 of 26 Concorde Straat Wes, Bedfordview 2007. Dit kan ook afgelaai word by jou plaaslike of naaste KANSA

Sorgsentrum. KANSA gebruik die poniesterte om pruike te laat maak vir kankerpasiënte wat hulle hare tydens die behandeling vir kanker verloor het. Besoek: http://www.cansa.org.za/donating-human-hair-to-make-wigs-availability-of-wigs/

**8. Word die Wahl knippers en skêre gesteriliseer na gebruik?**
Die lemme raak nie aan die vel nie, maar daar is by alle Shavathon geleenthede materiale en middels om knippers en skêre te steriliseer.

**9. Hoekom word mense se koppe nie kaal geskeer by 'n KANSA Shavathon nie?**
Die kortste wat ons hare skeer, is 'n nommer 1 kam. Dit verminder die risiko van kepe of snye aan die kopvel. KANSA moedig mense aan om SonSlim te wees, so ons wil nie jou kop kaal skeer sodat jy in gevaar staan om deur die son verbrand te word of om jou kopvel deur die son te beskadig nie. Ons raai mense aan om ten alle tye goedgekeurde sonskerm te gebruik of om 'n breërandhoed te dra om hulle te beskerm teen die son. Jy kan kies of jy jou hare in 'n nommer 2 - 4 kam te laat skeer of jy kan jou hare laat sproei en tussen 'n verskeidenheid van vorms, patrone en kleure kies as jy nie bereid is of in staat is om jou hare in 'n nommer 1 kam te laat skeer nie. http://www.cansa.org.za/be-sunsmart/

**10. Is die kleure van die sproeimiddels wat gebruik word, nie skadelik vir jou nie en sal dit nie vlekke nalaat nie?**
Die sproeimiddels is gemaak van die kleurstof wat van groente afkomstig is. Dit vlek nie en kan maklik uitgewas word. Gebruik egter die mantel of handdoek om klere soos 'n wit hemp te beskerm as jou hare gesproei word.

**11. Waarvoor word die geld gebruik?**
Fondse wat ingesamel word, word gebruik om 'n unieke en geïntegreerde diens aan die publiek en aan almal wie se lewe deur kanker geraak word, te lewer. As 'n leidende rolspeler in kankernavorsing (meer as R12 miljoen in totaal word jaarliks bestee), word die wetenskaplike bevindinge en kennis wat opgedoen word deur ons navorsing, gebruik om ons gesondheidsprogramme te versterk en om ons rol as waghond tot groter voordeel van die publiek te verskerp. Ons gesondheidsprogramme sluit die volgende in: gesondheid- en opvoedkundige veldtogte, KANSA Sorgsentra wat 'n wye verskeidenheid van sorg- en ondersteuningdienste bied aan almal wat deur kanker geraak word, stoma en ander kliniese ondersteuning en organisatoriese bestuur, mediese toerusting wat gehuur kan word sowel as 'n tolvrye lyn wat mense kan skakel om inligting en ondersteuning te bekom. Ons verskaf ook pasiëntesorg en ondersteuning in die vorm van 11 KANSA Sorgtuistes in die hoof metropolitaanse areas vir weg-van-die-huis kankerpasiënte plus een hospitium in Polokwane, sowel as KANSA-TLC verblyf aan en ondersteuning van ouers en voogde van kinders wat behandeling vir kanker ontvang.

Besoek http://www.cansa.org.za/how-your-gift-helps-fight-cancer/ en lees meer oor hoe KANSA die stryd teen kanker in jou gemeenskap beveg:

**12. R50 is te duur. Hoekom kan 'n gesin nie minder betaal nie?**
Die prys vir die laaste 12 agtereenvolgende KANSA Shavathons het dieselfde gebly - R50. Dit word nogsteeds as 'n skenking beskou. Kinders onder 12 skenk slegs R25.

**13. Wie is KANSA se vennote vir Shavathon 2015?**
Toegewyde verskaffers is alle nasionale winkelsentrums, *Wahl Clipper, Globeflight, Newsclip Media Monitoring en Limegreen Online Design Print.* Daar is 'n aantal ander media vennote wat op 'n gereelde basis help met gratis dekking of blootstelling – hierdie vennote se name is beskikbaar op ons webwerf saam met die name van alle winkelsentrums waar Shavathons gehou word: www.shavathon.org.za

**14. In watter kleure kan ek my hare laat sproei?**
Vanjaar se kleure is pink, pers, blou, groen, silwer, geel, rooi, oranje, swart en wit. Jy kan dus jou gunsteling kleur of 'n kombinasie van kleure kies. Sommige mense skeer hulle hare en sproei dit ook sommer om hulle ondersteuning te verdubbel!

**15. Op watter sosiale media platforms kan ek Shavathon volg?**
Shavathon maak gebruik van meeste sosiale netwerk platforms: klik op die 'like' knoppie op ons Facebook bladsy en deel jou Shavathon ervaring of volg ons op twitter @Shavathon en @CANSA. Besoek www.shavathon.org.za en bly in verbinding. Laai jou foto's op Instagram en laai jou video's op YouTube.
Facebook: CANSA The Cancer Association of South Africa,
Twitter: @CANSA https://twitter.com/CANSA

YouTube: Cancer Association of South Africa http://www.youtube.com/user/can1000sa
Instagram: @CancerAssociationOfSouthAfrica www.instagram.com/CancerAssociationOfSouthAfrica

KANSA se strewe is om met mense wat deur kanker geraak word, in verbinding te bly en om soveel as moontlik inligting te deel met kankerpasiënte en hulle geliefdes. KANSA maak ook seker dat mense met kanker dag-tot-dag hulp en die emosionele ondersteuning wat hulle nodig het, ontvang in die gemeenskappe waar hulle lewe. Ons doel is om seker te maak dat kankeroorwinnaars en hulle geliefdes nie alleen teen kanker sal baklei nie; ons is daar om hulle tree vir tree op hul reis met kanker te vergesel, ondersteun en onderskraag.

Jou ondersteuning help ons om met ons stryd teen kanker in Suid-Afrika voort te gaan en om ons nader te bring aan die uitdaging om 'n kankervrye samelewing in ons huidige generasie te skep. Help ons om 'n kankervrye wêreld vir ons kinders en geslagte wat kom, na te laat.
**Vir meer inligting besoek ons webwerf: www.cansa.org.za of stuur 'n epos aan: info@cansa.org.za of skakel 0800 22 66 22**

SKEER.
SPROEI.
SKENK.
CANSA
SHAVATHON
www.shavathon.org.za
2016
Winkelsentrums 27 - 28* Februarie
Werksplekke 29 Februarie - 4 Maart
*Slegs by sommige plekke
R50 donasie
Kinders onder 12 - R25
Wys jou ondersteuning vir 'n kankeroorwinnaar
Tolvry 0800 22 66 22
www.shavathon.org.za
CANSA
Research • Educate • Support
Trotse vennote
WAHL
Globeflight
newsclip